

Ekonomiese en Markanalise

weeklikse verslag

WEEKLIKSE VERSLAG: 17-20 MAART 2008

Tabel 1: Kern-markaanwysers

	Week geëindig 15 Maart 2008	Beweging vir die week	Verwagtings vir die komende week
ALSI	30648	-70 (-0.23%)	Volatiel
Nywerheidsindeks	23362	+484(+2.12%)	Volatiel
Goudindeks	2765	-15(-0.54%)	Toename
Finansiële indeks	19782	-137(-0.69%)	Volatiel
Rand/\$	R7.93	-5(-0.64%)	R7.80/\$-R8.25/\$
Goudprys	\$1004	+31(+3.19%)	\$990- \$1030
Dow Jones	11951	+57 (-0.93%)	Volatiel
Nikkei	13603	+102 (+0.76%)	Volatiel
FTSE-100	5884	-4 (-0.07%)	Volatiel
Hang Seng	24331	+1026(+4.40%)	Volatiel
SA Eiendomsindeks	336	+6(+1.86%)	Volatiel
R157	8.99%	+21(+2.39%)	Afname

Die reeds senuagtige wêreldwye finansiële markte het nog negatiewe nuus ontvang oor die struikelende VSA ekonomie, wat daarop dui dat dinge eers erger sal raak voor dit beter word. Die Federale Reserweraad het Sondag die diskontokoers vir banke met nog 0.25 persentasiepunte verlaag en aangebied om meer geld vir langer aan 'n groter hoeveelheid ondernemings beskikbaar te maak in 'n poging om likiditeit in die markte te stimuleer. Dan het JP Morgan Chase die sukkelende Bear Sterns (verbandlener) vir net \$2 per aandeel gekoop (die aandeelprys was verlede jaar \$150) gekoop en die Federal Reserweraad het 'n waarborg uitgereik vir moontlike verliese wat JP Morgan Chase mag ly. Die transaksies dui op die paniek wat in Amerika aan die gang is om 'n ineenstorting van markte te verhoed.

Voorts is drie negatiewe fundamentele aanwysers aan die einde van verlede week vrygestel, wat die gedempte prentjie nog donkerder maak. Eerstens het VSA kleinhandelerverkope verder gedaal. Jack Crooks het in hierdie naweek se Gold Seek as volg berig: *'Retail sales, a gauge of consumer health, were mostly pathetic in February – considerably worse than expectations. That's attributable to the huge hole in consumers' wallets from the additional cost of filling up the SUV at the local gas pump.'* Tweedens styg inflasie in die VSA volgens die jongste VPI verslag. Daarvolgens kan VSA inflasie na 4.8% beweeg. Derdens, is verbruikerstemming naby 16 jaar laagtes en weerspieël 'n droewige ekonomiese vooruitsig. Ten spyte van die nuutste plan deur die Federale Reserwe om likiede VSA finansiële instellings te red, sal spekulاسie teen die dollar voortduur.



Castle Walk Corporate Park Blok B • H/v Swakop & Nossob Straat • Erasmuskloof • 0048
Tel +27 (0) 12 484 2000 • Faks +27 (0) 12 484 2000 • www.dynamic.co.za

Bladsy 1 van 4

Die inligting en menings wat hierdie dokument bevat, is ter goeder trou aangeteken en weergegee en ons maak staat daarop dat die bronne daarvan geloofwaardig is. Hoe dit ook al sy, word geen voorstelling, volmag, onderneming of waarborg van watter aard ookal gemaak of verleen rakende die akkuraatheid en / of volledigheid van sulke inligting en / of die korrektheid van sulke menings nie. Enige belegging is spekulatief van aard en dit sluit aansienlike risiko's in. Wanneer enige beleggingsbesluit geneem word, sal u uitsluitlik staatmaak op u eie beskouing en besigtiging van feite en aantekeninge wat betrekking het op so 'n belegging. Geskiedkundige opbrengste van 'n belegging is nie 'n aanduiding van toekomstige prestasie nie. Dynamic Wealth Management en Dynamic Wealth Stockbrokers (gesamentlik Dynamic Wealth) sal nie aanspreeklik gehou word aangaande enige eis, skade, verlies of koste voortspruitend uit of met betrekking tot die vertroue wat u plaas of geplaas het op die inhoud van hierdie dokument, van watter aard ookal nie.


Ekonomiese en Markanalise

weeklikse verslag

In reaksie op hierdie somber prentjie van die VSA ekonomie en die dollar, wend beleggers hul steeds na kommoditeite. Die goudprys het verlede Donderdag deur die \$1000 vlak gestorm en reeds \$1025 per ons bereik. Dit is natuurlik in oorleg met die stygende olieprys wat ook rekordvlakke bo \$110 per vat geraak het en verdere druk op wêreld-inflasie en rentekoerse plaas. Die rand het in reaksie op die noodmaatreëls in Amerika reeds tot R8.25 vir 'n dollar verswak. Voorts was die onderverhaling op die petrolprys voor die gebeure reeds meer as 55 sent per liter en dit tesame met die verhoogde brandstofbelasting en padongeluksheffing van 11 sent per liter, sal die petrolprys binnekort na R9.00 per liter verhoog.

Intussen duur die interessante patroon op die JSE voort. Die ALSI het sy tradisionele korrelasie met die Dow Jones gebreek en gestyg terwyl die Dow val. Dit is hoofsaaklik omdat die swaargewig kommoditeits- en randverskansingsaandeel, asook SASOL die ALSI na sy rekordvlak van 31 531 dryf.

Figuur 1: Die ALSI – Breek sy korrelasie met die Dow? Is dit slegs 'n rookskerm?



Ten spyte van die bogenoemde bulbeweging in die ALSI, kry finansiële en nywerheidsaandeel swaar. Met die inflasiesyfers van Suid-Afrika vir Februarie wat volgende Woensdag vrygestel gaan word, asook die volgende vergadering van die Monetêre Beleggingskomitee (MBK) wat in die eerste week in April gaan plaasvind, sal negatiewe sentiment jeens hierdie aandeel seëvier. Dit word verwag dat die inflasiesyfers matig oor die volgende drie maande sal styg en dat inflasie-X selfs die 10% vlak in April kan bereik. Die steeds stygende brandstofprys, verhogings in die klerasie- en skoeiselkomponent, die verwagte skokkende verhogings in tariewe deur ESKOM in April, stygende voedselpriese en



Castle Walk Corporate Park Blok B • H/v Swakop & Nossob Straat • Erasmuskloof • 0048
Tel +27 (0) 12 484 2000 • Faks +27 (0) 12 484 2000 • www.dynamic.co.za

Bladsy 2 van 4

Die inligting en menings wat hierdie dokument bevat, is ter goeder trou aangeteken en weergegee en ons maak staat daarop dat die bronne daarvan geloofwaardig is. Hoe dit ook al sy, word geen voorstelling, volmag, onderneming of waarborg van watter aard ookal gemaak of verleen rakende die akkuraatheid en / of volledigheid van sulke inligting en / of die korrektheid van sulke menings nie. Enige belegging is spekulatief van aard en dit sluit aansienlike risiko's in. Wanneer enige beleggingsbesluit geneem word, sal u uitsluitlik staatmaak op u eie beskouing en besigtiging van feite en aantekeninge wat betrekking het op so 'n belegging. Geskiedkundige opbrengste van 'n belegging is nie 'n aanduiding van toekomstige prestasie nie. Dynamic Wealth Management en Dynamic Wealth Stockbrokers (gesamentlik Dynamic Wealth) sal nie aanspreeklik gehou word aangaande enige eis, skade, verlies of koste voortspruitend uit of met betrekking tot die vertroue wat u plaas of geplaas het op die inhoud van hierdie dokument, van watter aard ookal nie.

Ekonomiese en Markanalise

weeklikse verslag

munisipale tariewe sal die inflasiespiraal dryf. Dus, buiten die swaargewigte op die JSE, word volatiele en afwaartse bewegings vir die res van die aandele verwag. Die vrees van buitelandse verkope van aandele en spekulasie teen die rand kan verwoesting onder beleggers saai. Die elektrisiteitsdebakel het reeds sy tol op die eiendomsmark geëis, weens 'n moontlike embargo op nuwe ontwikkelings. Die eiendomsindeks het reeds met 12.4% sedert die begin van die jaar gedaal.

VSA sentiment, die pryse van goud en platinum, buitelandse verkope van Suid-Afrikaanse aandele en effekte en die olieprys sal hierdie week weereens die beweging in aandelepryse op die JSE domineer. Die VSA sal weer 'n groot aantal ekonomiese aanwysers hierdie week vrystel wat al meer op 'n resessie daar kan dui. En dit kan verwag word dat die Federale Reserweraad rentekoerse verder gaan verlaag. Maar alles in ag genome, gaan nog 'n moeilike week die markte oorheers.

Vir Suid-Afrika sal die vrystelling van kleinhandelverkope, groothandelverkope en motorverkope vir Januarie aandag trek. Dit word verwag dat die dalende j-o-j kleinhandelverkope van 0.5% wat in Desember 2007 aangeteken is, in Januarie sal vererger tot -1.0%. Dit word verwag dat groothandelverkope ook in Januarie tot 1.0% gekrimp het, teenoor die 2.0% syfer wat vir Desember 2007 aangeteken is.



Castle Walk Corporate Park Blok B • H/v Swakop & Nossob Straat • Erasmuskloof • 0048
Tel +27 (0) 12 484 2000 • Faks +27 (0) 12 484 2000 • www.dynamic.co.za

Bladsy 3 van 4

Die inligting en menings wat hierdie dokument bevat, is ter goeder trou aangeteken en weergegee en ons maak staat daarop dat die bronne daarvan geloofwaardig is. Hoe dit ook al sy, word geen voorstelling, volmag, onderneming of waarborg van watter aard ookal gemaak of verleen rakende die akkuraatheid en / of volledigheid van sulke inligting en / of die korrektheid van sulke menings nie. Enige belegging is spekulatief van aard en dit sluit aansienlike risiko's in. Wanneer enige beleggingsbesluit geneem word, sal u uitsluitlik staatmaak op u eie beskouing en besigtiging van feite en aantekeninge wat betrekking het op so 'n belegging. Geskiedkundige opbrengste van 'n belegging is nie 'n aanduiding van toekomstige prestasie nie. Dynamic Wealth Management en Dynamic Wealth Stockbrokers (gesamentlik Dynamic Wealth) sal nie aanspreeklik gehou word aangaande enige eis, skade, verlies of koste voortspruitend uit of met betrekking tot die vertroue wat u plaas of geplaas het op die inhoud van hierdie dokument, van watter aard ookal nie.

Ekonomiese en Markanalise

weeklikse verslag

Tabel 2: Vrstellingskedsule vir geselekteerde ekonomiese aanwysers vir die week

Datum	Land	Aanwyser	Periode	Verwag	Vorige
Mar 17	VSA	NY Empire State Index	Mar	-5.0	-11.7
Mar 17	VSA	Netto Buitelandse Verkope	Jan	NA	\$56.5B
Mar 17	VSA	Nywerheidsproduksie	Feb	-0.1%	0.1%
Mar 17	VSA	Kapasiteitsbesetting	Feb	81.3%	81.5%
Mar 18	VSA	Boupermitte	Feb	NVT	1061K
Mar 18	VSA	Nuwe Huise	Feb	995K	1012K
Mar 18	VSA	Boupermitte	Feb	1020K	1061K
Mar 18	VSA	PPI	Feb	0.3%	1.0%
Mar 18	VSA	Kern PPI	Feb	0.2%	0.4%
Mar 18	VSA	FOMK Beleidsverklaring	-	-	-
Mar 19	RSA	Kleinhandelverkope	Jan	-1.0%	-0.5%
Mar 19	VSA	Ru-Olie Voorrade	03/15	NVT	6177K
Mar 20	RSA	Groothandelverkope	Jan	1.0%	2.0%
Mar 20	RSA	Motorverkope	Jan	-1.5%	2.4%
Mar 20	VSA	Nuwe Werkloosheidseise	03/15	NVT	353K
Mar 20	VSA	Leidende Aanwysers	Feb	-0.3%	-0.1%
Mar 20	VSA	Philadelphia Fed	Mar	-18.0	-24.0

Prof Chris Harmse
17 Maart 2008

Nota: Bogenoemde is 'n fundamentele analise. Van tyd tot tyd sal die fundamentele en tegniese analise van die beweging van aandelepryse en markte noodwendig in konflik wees vanweë die verskillende tegnieke van ontleding. Oor die medium- en langtermyn behoort hulle egter in korrelasie te beweeg. Vanweë die tydsbeperking op die publikasie van hierdie verslag berus die verantwoordelikheid vir die korrektheid van die verslag daarom by die skrywer.



Castle Walk Corporate Park Blok B • H/v Swakop & Nossob Straat • Erasmuskloof • 0048
Tel +27 (0) 12 484 2000 • Faks +27 (0) 12 484 2000 • www.dynamic.co.za

Bladsy 4 van 4

Die inligting en menings wat hierdie dokument bevat, is ter goeder trou aangeteken en weergegee en ons maak staat daarop dat die bronne daarvan geloofwaardig is. Hoe dit ook al sy, word geen voorstelling, volmag, onderneming of waarborg van watter aard ookal gemaak of verleen rakende die akkuraatheid en / of volledigheid van sulke inligting en / of die korrektheid van sulke menings nie. Enige belegging is spekulatief van aard en dit sluit aansienlike risiko's in. Wanneer enige beleggingsbesluit geneem word, sal u uitsluitlik staatmaak op u eie beskouing en besigtiging van feite en aantekeninge wat betrekking het op so 'n belegging. Geskiedkundige opbrengste van 'n belegging is nie 'n aanduiding van toekomstige prestasie nie. Dynamic Wealth Management en Dynamic Wealth Stockbrokers (gesamentlik Dynamic Wealth) sal nie aanspreeklik gehou word aangaande enige eis, skade, verlies of koste voortspruitend uit of met betrekking tot die vertroue wat u plaas of geplaas het op die inhoud van hierdie dokument, van watter aard ookal nie.